Van Psalm 118 het Martin Luther gesê: “Dit is my psalm wat ek liefhet, want dit het my baiekeer gedien en het my verlos van baie ellende toe nie die keiser of konings of die wyses of die listiges of die heiliges in staat of gewillig was om my te help nie. Hy het ‘n hele boek oor die Psalm geskryf.

**Skriflesing:** Psalm 118
**Tema:** Die afgekeurde steen is ons hoeksteen.

ʼn Hindoe handelaar het op ʼn keer vir ʼn sendeling gevra: “Wat sit jy op jou gesig om jou gesig so te laat skyn?” Die sendeling was verras en effens onkant gevang deur die man se vraag. Hy het geantwoord: “Ek sit niks op my gesig nie!” Die Hindoe het ongeduldig gesê: “Natuurlik, sit jy iets op! Want julle Christene lyk almal of julle iets opsit. Ek het dit al baie by julle gesien.”
Skielik het die sendeling verstaan waarheen die man mik: “Nou weet ek wat jy bedoel en ek sal jou die geheim vertel! Dit is nie iets wat ons aan die buitekant opsit nie, maar dit kom van ons binnekant. Dit is Jesus se lig wat uit ons lewens skyn.”

Maar daar is vandag baie situasies en omstandighede wat ons as kerk van ons Christusglans kan beroof. Ons vreugde word gesteel deur die rowers met verskeie name. Dit veroorsaak die duister van wanhoop, moedeloosheid en selfs soms ongeloof in ons lewens.

Psalm 118 wil ons help om ware vreugde en die bron van ware vreugde weer te ontdek. Maar kom ons begin voor met die vraag: “Wie is die bidder van verse 5-21?”
Dit is ʼn enkeling, waarskynlik ‘n koning, wat nood en swaarkry ken, maar ook God dank vir sy oorwinning en verlossing.

Hy beleef selfs dat die Here hom laat swaarkry. Hy praat ook van hulle wat hom haat. Nasies het van alle kante op hom afgestorm en hom omsingel. Mense het hom aangeval, soos bye om hom gepak. Sy vyande wou hom platloop en sy ondergang bewerk.

In sy swaarkry roep die koning steeds na die Here en ontdek hy een van die kernaspekte van die Christelike geloof. En dit is dat redding van God alleen kom. Deur die eeue loop sy genade, goedheid en liefde soos ‘n goue draad na alle mense. Die kruis is ons bewys daarvan.

Die Psalm skrywer getuig hiervan. Twee maal sê hy dat die Here sy gebed verhoor en hom bevry het. Die Here is by my - ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen? Die Here is by my - Hy help my: ek sal neerkyk op dié wat my haat. Twee maal getuig hy dat om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou. In Psalm 118:10, 11 en 12 herhaal hy dat hy in die Naam van die Here die vyande se aanval afgeslaan het. Hulle het verdwyn soos doringtakke in die vuur.
Die Here is my krag en my beskerming. Dit is Hy alleen wat my red! Dei skrywer herhaal dat die Here kragtige dade doen. Die Here triomfeer.

En dan lees ons Psalm 118:22. Na sy getuienis en lofprysing lyk die vers so amper onvanpas: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.”
Hierdie vers verwys waarskynlik in die eerste plek na die Psalmskrywer se lewe. In sy nood, vervolging en veragting het dit vir ander gelowiges gelyk asof dit klaarpraat is met die koning. Hulle het gedink dat hy nie geskik is om ‘n rol in God se Koninkryk te speel nie en tog het hy.

Maar in die Nuwe Testament word hierdie vers op Jesus Christus van toepassing gemaak. Hy is ook verag en afgeskryf en Hy het die hoeksteen van ons as kerk geword.

Hyself sê in Matteus 21:42: “Julle het tog al in die Skrif gelees: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword. Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë.”

Petrus verwys ook na Hom as hoeksteen in 1 Pet 2:5a-6: “Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, …” “Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.”

Dit is by Hom wat ons op die laaste lydenssondag stilstaan. Aan die kruis het Hy in ons plek gesterf om ons van sonde en dood te verlos. Mense het Hom daar laat vasspyker omdat hulle gedink het dat Hy nie geskik is om ‘n rol in God se Koninkryk te speel nie.

Maar Hy het opgestaan en die belangrikste klip in die gebou geword. Vanuit Hom as die hoeksteen het ons as kerk ons bestaan te danke. Ons is lewende stene op Hom as hoeksteen gebou.

In Handelinge 4:11-12 getuig Petrus, gevul met die Heilige Gees voor die Joodse raad: “Hy is die klip wat deur julle, die bouers, afgekeur is. Juis Hy het die belangrikste klip in die gebou geword. Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.”

Wie die Here as ons hoeksteen vir ons is en wat die Here vir ons doen, verlig ons lewens! Dit is Hy wat ons gesig laat skyn.
Ook ons vertrou nie op mense nie. Ons skuil by die Here, daarom ken ons nie vrees nie. Wat wat kan ‘n mens aan ons doen? Ons kyk af op die wat ons haat.

Saam met Ps skrywer bely ons: “Ek sal nie sterwe nie, ek sal lewe en van die dade van die Here getuig. En ek sal tempel toe gaan en die Here loof omdat Hy my gebed verhoor en my gered het.”

Sy loflied is aansteeklik. Dit raak die vreugde vir ‘n menigte – die ek word nou ons. Ons lees die loflied van die gemeente in Psalm 118:22-27:
”22 Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.
23 Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë!
24 Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees.
25 Red tog, Here, gee tog voorspoed, Here!
26 Prys hom wat in die Naam van die Here kom! Ons seën julle uit die huis van die Here.
27 Die Here is God; Hy skenk ons die lewe. Begin die fees! Wuif met takke! Gaan tot by die horings van die altaar.”

Vandag is palmsondag. Ons dink aan die skare wat Jesus jubelend met palmtakke in Jerusalem binne gewuif het. Net om dae later te skreeu: “kruisig Hom!”, omdat Hy nie aan hulle verwagtinge voldoen het nie.

Ons is in ‘n beter posisie as die skare. Ons kan terugkyk en weet dat Hy regtig die Seun van God is wat in ons plek moes kom ly en sterf om ons van sonde te verlos.

Terwyl ons vandag en in die week wat voorlê stilword by sy lyding en sterwe, leef ons reeds in die sekerheid dat Hy ons sonde en dood oorwin het en lewe en dat ons saam met Hom lewe.

Ons kniel voor die kruis, maar ons wuif ook met Palmtakke, want God is goed en sorg vir sy kinders. In ons swaarkry, word sy grootheid sigbaar. Uit dankbaarheid gee ons onsself as ‘n lewende en heilige

offer en ons bring offergawes om God vir sy verlossingsdade te prys.

Ek nooi nou elkeen uit om die lig van die Here uit te straal. Saam met die ganse geloofsgemeenskap, komons jubel die waarheid van Psalm 118 uit!

Jesus is ons hoeksteen,wat in ons plek aan die kruis gesterf en opgestaan het. Kom ons bou op Hom. Kom ons jubel saam met feesvierende medegelowiges telkens uit: “aan sy liefde is daar gaan einde nie”

Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!
Kinders van die Here - kIein en groot, ryk en arm moet getuig: aan sy liefde is daar geen einde nie.
Kinders van die Here – vroue en mans, die belangrikes en die onbelangrikes in die wêreld moet getuig: aan sy liefde is daar geen einde nie.
Dié wat die Here dien, moet getuig: aan sy liefde is daar geen einde nie.
U is my God, U wil ek loof; my God, u grootheid wil ek besing. Loof die Here, want Hy is goed: aan sy liefde is daar geen einde nie!
Amen